Nuus uit die SABT-raad

Bron: SABT-raad
Datum: 4 Mei 2009

Die Raad van die SABT het op 30 April ‘n televergadering gehou. Hierdie verslag bied ‘n opsomming van die belangrikste besluite (hoofsaaklik goeie nuus!) en die funksies en verantwoordelikhede van die onderskeie staande komitees van die Raad.

Gedifferensieerde tariewe vir lidmaatskapklasse

Die beste nuus is dat die Raad toegegee het aan pleidooie deur lede vir die hersiening van ledegeld om ook vir ander lidmaatskapkategorieë van Boerboeleienaars voorsiening te maak. Hierdie kategorie behoort die volgende mense in te sluit: eienaars met net een of twee Boerboele (wat nie teel nie), afgetrede telers en alle Boerboelentoesiaste – of hulle eienaars is of nie. Die SABT waardeer die betrokkenheid van enige iemand wat die Boerboelras op die een of ander wyse ondersteun, en stem saam dat so ‘n stap tot voordeel van die Boerboelgemeenskap sal strek. Die Raad sal tydens die begroting vir 2010 ‘n besluit oor toepaslike gedifferensieerde tariewe neem.

Tydsbeperking op herkeurings opgehef

Die Raad het die beperking van ses maande op herkeurings opgehef, met as standpunt dat die onus op eienaars moet wees om te besluit of, en wanneer, hulle honde vir herkeuring gereed is. Raadslede het egter kommer uitgespreek oor ‘n neighing dat meer waarde geheg word aan die punte wat honde tydens keurings behaal as aan ander inherente kwaliteite. Eienaars moet ook besef dat ‘n hond laer punte tydens ‘n herkeuring mag behaal en dat die vorige punte dan nie meer sal geld nie. Enige eienaar mag versoek dat ‘n keurder ‘n hond vóór keuring evalueer. In die geval van ‘n herkeuring, mag die keurder die vorige keurkaart/registrasiesertifikaat bestudeer, maar hy of sy mag dit nie tydens die keuring self as verwysing gebruik nie.

Videokeurings

Lede word daarop gewys dat videokeurings net op meriete en in uitsonderlike gevalle goedgekeur sal word - dit is lankal nie meer praktyk in Suid-Afrika nie. Aansoeke en motivering hiervoor moet by die Uitvoerende Komitee ingedien word. Geen keurkaarte word tydens’n videokeuring ingevul – die keurder kommunikeer slegs aan die Hoofkantoor dat die betrokke hond teen die 75% geregistreer mag word (d.i. die minimumpunt vir registrasie by die SABT).

Kitsnuus

- Die datum vir die nasionale skou (die 2009 Boerboel Kampioenskapskou) is 7 November 2009 en dit sal weer in Parys in die Vrystaat gehou word. Die finale datums van die streekskoue en voorlopige skoureëlings sal van die einde van Mei af gepubliseer word.
- Die Rasstandaardkomitee sal die wenslikheid van die insluiting van gesondheidsinligting (byvoorbeeld heupdisplasie en vaginale hiperplasie) op keurkaarte/registrasiesertifikate oorweeg.
- Die SABT se databasis word tans opgegradeer met die oog op sogenaamde data-ontginning (vir navorsings- en beplanningsdoeleindes) sowel as vir die aanlynopdatering van lede-inligting en transaksies.
- Die SABT ontvang toenemend aansoeke van eienaars wat honde by lede van ander organisasies koop vir die registrasie van sodanige honde by die SABT. Dit kan wel gedoen word indien die ouers reeds by die SABT geregistreer is, of ingevolge die bepalings van die Ontwikkelingsregister. Die ouers van honde wat by ander organisasies geregistreer is word as ‘nie-geregistreer’ in die SABT-register aangedui.

Komiteeverantwoordelikhede en -lede

Die vergadering het benadruk dat die hoofdoelwitte van die onderskeie komitee diens aan lede en die Boerboel is. Lede moet te alle tye die vrymoedigheid neem om deur middle van enige komitee of die Hoofkantoor met die SABT te skakel.

Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee vergader elke drie maande formeel – of wanneer aangedui – en moet ten minste elke twee maand aan die Raad terugvoer bied oor belangrike SABT-aangeleenthede. Elke komitees moet elke ses maande formeel oor hulle werksaamhede verslag doen.
Voorsitter: Frans Du ToitLede: Anemarí Pretorius (Ondervoorsitter), Aldu le Grange, Johan van Wyk en Piet Visser.

Die Voorsitter (Frans Du Toit, tel. 082 855 1299, e-pos: fransdutoit@sabt.co.za en Ondervoorsitter (Anemarí Pretorius, tel. 082 870 2610, e-pos: anemari@cybersmart.co.za dien ex officio in elk van die volgende komitees.

- **Rasstandaardkomitee**
  Hierdie Komitee se verantwoordelikhede sluit in: werwing en opleiding van keurders en senior keurders; die opstel van kriteria vir keurders en keurings; hersiening van die Rasstandaard; die aanbied van keurders- en telerskursusse; die jaarprogram vir keuringsdae; en evaluasie, aanbevelings en bestuur van aansoeke om videokeurings.
  Voorsitter: Thys van Solms (gekoöpteer), S: 083 447 8844, E-pos: thys@floorpro.co.za.
  Lede: Anemarí Pretorius, Aldu le Grange, Johan van Wyk en Lukas van Vuuren (gekoöpteer).

- **Finansies- en Administrasiekomitee**
  Die Komitee sien om na die dag-tot-dag bestuur van die Hoofkantoor van die SABT en neem spesifieke verantwoordelikheid vir die begroting en finansies. Dit sluit ook die ontwikkeling van die databasis en die webtuiste en personeelopleiding in.
  Voorsitter: Piet Visser, S: 083 336 5488, E-pos: pietvisser@eject.co.za.
  Lede: Clint Gouws en Johan van Wyk.

- **Skou- en Bemarkingskomitee**
  Hierdie komitee is verantwoordelik vir die bemarking van die Boerboel; die werwing van borge; die reël van Boerboelskoue en –feeste en SABT-kommunikasie met die onderskeie openbare media.
  Voorsitter: Aldu le Grange, S: 083 462 0817, E-pos: algrange@ct.stormnet.co.za.
  Lede: Clint Gouws, Albert van der Linde, Alan Pittam, Piet Visser, Mike Wiese, en Marileen van Wyk (gekoöpteer).

- **Redaksionele Komitee**
  Die Redaksionele Komitee publiseer die kwartaallikse SABT-nuusbrief en skryf en redigeer artikels en amptelike kommunikasies vir lede/die Boerboelgemeenskap en die openbare media.
  Voorsitter: Anemarí Pretorius, S: 082 870 2610, E-pos: anemari@cybersmart.co.za.
  Lid: Marileen Wyk (gekoöpteer).

- **Beleidskomitee**
  Die Komitee sien om na die aangeleenthede met betrekking tot SABT-prosedures en die Grondwet.
  Voorsitter: Frans van der Merwe, T: 082 450 5423 (n/u), E-pos: fjvdm@hantam.co.za.

- **Ad hoc-komitee**
  Die Ad hoc-sien om na ander nie-gespesifiseerde projekte.
  Voorsitter: Johan van Wyk, S: 082 890 8887, E-pos: graslandboerboel@mweb.co.za.
  Lid: Aldu le Grange.

Kontakbesonderhede van al die SABT-Raadslede